higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

BOUADMINISTRASIE N6

(4090056)

4 Desember 2023 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

234Q1G2304

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
BOUADMINISTRASIE N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae met aandag deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n skoon bladsy.
5. Gebruik slegs 'n blou of swart pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende werkstudievrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Dit werk die beste as dit die hele tyd gebruik word.

A Finansiële aansporings
B Mededinging as 'n aansporing
C Samewerking as 'n aansporing

1.2 Dit werk die beste as werkers teen hulle gelykes meeding.

A Finansiële aansporings
B Mededinging as 'n aansporing
C Samewerking as 'n aansporing

1.3 Dit kan uitgebrei word om ook gehalte, afvalbeheer, teenwoordigheid by die werk en veiligheid te meet.

A Finansiële aansporings
B Mededinging as 'n aansporing
C Samewerking as 'n aansporing

1.4 Dit word ingespan om 'n gemeenskaplike doelwit te bereik.

A Finansiële aansporings
B Mededinging as 'n aansporing
C Samewerking as 'n aansporing

1.5 Samewerking word verkry deur motivering as aansporing te gebruik.

A Finansiële aansporings
B Mededinging as 'n aansporing
C Samewerking as 'n aansporing

1.6 Al verskil werkers van mekaar, kan hulle steeds deur wat hulle doen, bevredig word.

A Finansiële aansporings
B Mededinging as 'n aansporing
C Samewerking as 'n aansporing

1.7 Dit gee aanleiding tot kostevermindering en 'n styging in produktiwiteit en doeltreffendheid.

A Finansiële aansporings
B Mededinging as 'n aansporing
C Samewerking as 'n aansporing

Kopiereg voorbehou

1.8 Werkers se salarisse hang af van die resultate wat hulle behaal. Dit moedig hulle aan om beter resultate na te strewe sodat hulle meer betaal word.

A Finansiële aansporings
B Mededinging as 'n aansporing
C Samewerking as 'n aansporing

1.9 Aansporingskemas kan werkers se produktiwiteit verhoog en hulle in staat stel om groter lone te verdien.

A Finansiële aansporings
B Mededinging as 'n aansporing
C Samewerking as 'n aansporing

1.10 Samewerking tussen geskoolde en ongeskoolde werkers sal dissipline tot gevolg hê.

A Finansiële aansporings
B Mededinging as 'n aansporing
C Samewerking as 'n aansporing

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Toon aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf. Gee EEN rede vir elke antwoord.

2.1 Arbitrasie – Klousule 26

2.2 Skade by voltooiing – Klousule 19

2.3 Versekering – Klousule 17

2.4 Betalingsertifikaat – Klousule 25

2.5 Datum van voltooiing en inbesitname – Klousule 18

2.6 Bykomstighede – Klousule 20

2.7 Die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid reël diensvoorwaardes.

2.8 Die Wet op Arbeidsverhoudinge reël kwalifikasiestandaarde.

2.9 Die Wet op Basiese Diensvoorwaardes reël standaardlone volgens die vlakke van elke pos, ongeag werkers se geslag of ras.

2.10 Die Wet op Werkloosheidsversekering reël billike diensvoorwaardes ten opsigte van werkstyd, lone en verlof.

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Kies 'n term uit KOLOM B wat pas by 'n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Ondersoek hoeveel werk gedoen word	A	werkstudie
3.2	Bestudeer die kritieke werk wat gedoen is	B	werkmeting
3.3	Kies, teken aan, ondersoek, ontwikkel, installeer en onderhou	C	metodestudie
3.4	Die tyd wat 'n geïsoleerde element in beslag neem, word hiermee bereken	D	tydstudie
3.5	As die knop op nul gestel en elke element geregistreer word	E	in effektiewe tyd
3.6	Bestaan uit die paralleltegniek van metodestudie	F	terugslagtyd
3.7	Poog om produktiwiteit te verhoog	G	selektiewe tydmeting
3.8	Die stelselmatige ondersoek en aanteken van 'n bepaalde metode van werkprestasie	H	beginsels van metodestudie
3.9	Werkmeettegniek waarvolgens werkstye en werktempo's aangeteken word	I	doelwitte van metodestudie
3.10	Tyd wat nie noodwendig deel van die uitvoering van 'n taak is nie.	J	doelwit van werkmeting

(10 × 1) (10)

3.2 Noem VYF aktiwiteite van 'n tydstudie. (5 × 2) (10)

[20]

VRAAG 4

4.1 Voltooi die volgende paragraaf met 'n term in die lys hier onder. Die terme hou met kontrakte verband. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

maatskappy; bestuurders; beleid; kontrakteur; tender; profyt; kompetisie; medium; klein; hulpbronne

Veral (4.1.1) ... of (4.1.2) ... kontrakteurs moet die perke van hulle potensiaal ken. Die kry van 'n (4.1.3) ... gaan oor (4.1.4) ... Die manier om die werk te doen is belangrik. (4.1.5) ... moet 'n langtermynplan vir hulle maatskappye opstel. Enige (4.1.6) ... moet verband hou met die werk wat 'n (4.1.7) ... sal kan behartig. Bestuurders moet die regte verhouding tussen omset en (4.1.8) ... bewaar. In die hoop dat een tender darem aan hulle toegeken sal word, dien (4.1.9) ... partymaal twee en meer tenders in. Hulle moet dan een tender onttrek ... (4.1.10) ... .

(10 × 1) (10)

4.2 Noem die VYF doelwitte van voortenderbeplanning. (5 × 2) (10)

[20]

VRAAG 5

5.1 Voltooi die volgende sinne deur die korrekte woord of woorde uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

kosteberekeningsdoelwit; kosteberekeningsoogmerk; kosteberekeningsdepartement; koste; eenheidskoste; direkte koste; indirekte koste; historiese kosteberekening; werkkosteberekening; lokokoste; verdienste

5.1.1 Die kosteberekening vir 'n sekere element of net 'n gedeelte van 'n kontrak word ... genoem.

5.1.2 ... word gebruik as koste met 'n bepaalde taak vereenselwig en daaraan toegeken kan word.

5.1.3 ... word vir identiese eenhede gebruik.

5.1.4 ... is die waarde van die ekonomiese hulpbronne wat aangewend is om iets te produseer en waarvan die kosprys of koste bereken word.

5.1.5 Koste wat bereken en ontleed word nadat uitgawes aangegaan is, word ... genoem.

5.1.6 ... is 'n koste wat voortspruit uit die bestaan van enigiets waarvan die kosprys of koste bereken word.

Kopiereg voorbehou

5.1.7 As die bestaan daarvan nie afhang van die berekening van die kosprys of koste daarvan nie, is dit ....

5.1.8 ... het suksesvolle kontraktering en selfs stukwerk tot gevolg.

5.1.9 ... verstrek die data op grond waarvan kostes vergelyk word.

5.1.10 ... ontwikkel koste met die oog op beplanning, met ander woorde, beraming.

(10 × 1) (10)

5.2 Noem VYF hoofde waaronder veranderings aan 'n beramer se aanvanklike berekenings kan val. (5)
[15]

VRAAG 6

Beantwoord die volgende vrae oor tenders.

6.1 Wat is 'n tender? (1 × 2) (2)

6.2 Noem NEGE tenderreëls of tenderregulasies. (9 × 2) (18)
[20]

VRAAG 7

Noem VYF kenmerke van 'n Gantt- of staafgrafiek. **[5]**

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou